



# 'n Geseënde Kersfees

is spesiaal vir jou geksryf

(Kind se naam)

(Spesiale boodskap)

(Van : "Naam")

Die Hangkashaas Uitgewers

www.diehangkashaas.co.za

ISBN 978-1-0672494-2-7

Eendag, lank, lank gelede, het daar ‘n man en ‘n vrou met die name Josef en Maria gewoon. Hulle was baie lief vir mekaar en wou met mekaar trou.

Terwyl hulle besig was om hulle troue te reël, het ‘n engel aan Maria verskyn en vir haar gesê dat sy ‘n baba sou hê. Sy moes Hom Jesus noem en Hy sou die redder van die wêreld wees.





Josef en Maria was vreeslik bang; hulle kon nie verstaan wat aangaan nie omdat hulle nog nie getroud was nie, maar die engel het hulle getroos en gesê dat alles is soos God dit beplan het.

Koning Herodes het een oggend besluit dat hy al die mense in sy land wou tel en vir almal opdrag gegee om terug te gaan na die plekke waar hulle eers gebly het, sodat hulle getel kon word.





Daar was ‘n groot geskarrel dwarsdeur die land omdat party mense baie vêr moes reis.

Almal het begin voorberei vir die reis. Mense het hulle diere ook saam met hulle geneem, vir baie redes.  Sommige was nodig om hulle te help reis, ander om hulle geselskap te hou, en ander om kos te voorsien.

In die dorpie met die naam Betlehem,
waarheen Josef en Maria op pad was,
was dieselfde besig om te gebeur.

Sakke is gepak, diere is bymekaar
gemaak.






Daar was groot opgewondenheid; al die diere het in ‘n ry gestaan sodat hulle eienaars hulle kon optel om saam met hulle op reis te gaan.

Sheba, die skaaphond, het saamgegaan vir beskerming, Hanny Hen het saamgegaan om eiers te voorsien vir ontbyt, Meena Moo, die koei, het saamgegaan om melk te gee, en selfs haar maatjie, (Maatjie se naam), die kanarie, het saamgegaan om vir haar eienaars te sing.





(Kind se naam), die lammetjie, het ook in die ry gewag; sy het angstig teenaan die heining gestaan elke keer as iemand na die stal toe gekom het.

Sy wou ook graag op die reis gaan waaroor almal so opgewonde was. Toe Fungi, die padda, op die wa spring om sommer vir die lekkerte saam te gaan, het (Kind se naam) baie hartseer geraak.

Sy het alleen en waardeloos gevoel. Toe die laaste dier opgelaai word, het haar mamma, (Mamma/Tannie se naam), vir haar gesê dat sy moet agterbly omdat sy te klein is en dalk in die pad sou wees wanneer hulle op die lang pad reis.

Toe haar eienaars die plaas verlaat het, het sommige van die kleiner diertjies vir (Kind se naam) geterg en geskreeu, "Wêla Kepêla, jy moet tog agterbly!". (Kind se naam) het na die stal toe gehardloop en begin huil.







Nie eers Ola, die bees, se grappies wat sy onthou het, kon haar laat lag nie.

(Kind se naam), die lammetjie, kon nie verstaan hoekom sy op die plaas moes agterbly nie. Sy was baie hartseer omdat sy geweet het dat sy te klein was om op die pad iets vir iemand te beteken.

Om meer te lees, besoek gerus on webtuiste.

Onthou asb wanneer jy ‘n aanlyn boekie bestel sal die storie geskryf word volgende jou kind se unieke omstandighede. (Karakters se name word vervang met die kind se familie en vriende se name)

Kliek gerus hier om ons webtuiste te besoek